

# PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



MAART  
2016



Graan SA tydskrif vir  
ontwikkelende boere

## Lees Binne:

- 04** | Die mees algemene voedingstoftekort simptome by mielies
- 06** | Verken en beheer onkruid voor en na plant
- 11** | 'n Goeie reputasie is meer wert as geld



## 'n Boodskap van hoop in 'n droë seisoen

Droogte beïnvloed ons lewens op verskillende maniere, want water is so 'n belangrike deel van so baie van ons aktiwiteite. Ons moet water hê om te lewe en diere en plante ook! Ons moet water hê om die kos wat ons eet, te produseer en ons benodig dit om te drink, kos te maak, wasgoed te was en elektrisiteit te vervaardig...en so gaan dit aan soos 'n domino-speletjie waar een ding die volgende ding raak al die pad af teen 'n lang lyn – reguit na die boer se bankrekening en sy hart!

**Die boer – kyk uit op sy lande en bekommer hom oor sy familie, sy werkers en sy sakeverpligte**

Teen hierdie tyd weet die meeste van ons hoe die land op sy knieë gebring is deur een van die ergste droogtes en wredeste hittegolwe in menseheugenis! Wat 'n tyd van beproeing en toetsing was hierdie nie vir alle boere in Suid-Afrika nie. Weens twee jaar van haglike omstandighede, was sommige boere gelukkig genoeg om betyds reën te kry om 'n paar





## OUMA JANE SÊ...

**H**ierdie afgelope somergewas-produksieseisoen was 'n baie moeilike en uitdagende tyd vir alle boere. Daar is sommige klein areas in Mpumalanga wat geseën was met goeie reën, maar vir die res was dit 'n ongewone droë tydperk en die reën was kol-kol. Dit reën by sommige en by ander reën dit nie.

Ons het met 'n aantal ouer boere gedurende hierdie tyd gepraat en hulle het dieselfde boodskap – hou aan om die regte ding te doen. Daarmee bedoel hulle dat ons nie moet paniekerig raak en dom besluite maak nie. Wanneer jy desperaat is, neem jy risiko's en dit is gevaelik. Plantdatums in areas is oor jare vasgestel en wanneer jy buite daardie datums beweeg, loop jy 'n groot gevael om die waarde van jou insette en die koste van al jou operasies te verloor. Wag liewer en moet nie plant nie, voordat jy 'n gewas buiteseisoen plant. Ons is bewus van kontrakteurs (veral in Noordwes), wat sonneblom plant op droë grond gedurende Februarie. Eerstens plant ons nooit in droë grond nie en kan ons nie bekostig om te plant wanneer die seisoen reeds verby is nie. Hierdie kontrakteurs word betaal met skenkings van die regering – hierdie onbetroubare gebruik van staatsfondse kan beskryf word as "vrugtelose uitgawes" en oortreders moet verantwoordelik gehou word. Net omdat dit staatsgeld is, beteken dit nie dat ons dit kan mors nie.

Sover dit lewendehawe betref, lyk dit asof dit 'n moeilike winter gaan wees. Wanneer die reën baie laat kom, soos die geval hierdie jaar, probeer die gras om saad te produseer, (om toekomstige oorlewing te verseker) en produseer nie genoeg blare nie. Alhoewel die veld in baie dele groen lyk, sal daar nie die normale tonnemaat droë materiaal wees nie. Te wyte aan swak gewasse, is dit waarskynlik dat die oesreste op die lande ook nie veel sal wees nie. Ons stel voor dat jy lank en deeglik kyk na jou lewendehawe en verkoop soveel as wat jy kan – ou diere, swak diere, onproduktiewe diere. Hou net 'n paar produktiewe diere wat jy sal kan bekostig om te voer tot die volgende somerseisoen. Onthou ook dat die veld nie so vinnig gaan herstel in die lente nie en dat jy moontlik sal moet voer tot in Oktober (ons hoop definitief nie so nie).

Ek bid dat die reëns gou sal kom en dat die ry laat sal wees. Intussen, bly positief en hou aan om rasionele besluite te neem. Mag jy geseën wees. ☺

## 'n Boodskap van hoop in 'n droë seisoen



Boere en plaaswerkers by die Biddag vir Reën by NAMPO Park op 27 November 2015.

gewasse te kon red; vir ander het die reën ongelukkig te laat gekom om iets te red! Sommige sou nie geplant het nie – en dit sal baie moeilik wees vir diegene met niks om finansieel te oorleef sonder enige vorm van hulp. En tog...

Die lewe gaan aan! En ons moet ook! Ons moet oorleef, beide as besighede en as individue met gesinne en werknemers om voor te sorg. Ons moet ons uiterste

bes doen om te oorleef en om planne vir die nuwe seisoen te maak – ons kan nie moed opgee nie. Die waarheid is dat ons moet voedsel produseer vir die bevolking van ons land en ons moet oorleef sodat ons die ware roeping om bewaarders van die aarde te wees, kan beantwoord, om te boer – veral omdat ons lief is daarvoor en nie iets anders wil doen nie! Droogte het in die verlede gekom, maar dit was nog altyd



op die ou einde gebreek – ons moet seker maak dat dit ons nie eerste breek nie!

Die hantering van die gebeure van die afgelope seisoen was 'n mallemeule van emosies; op met hoop, dan af van bekommernis – dan in die dieptes van wanhoop! Nog nooit tevore was ons insette en finansiële druk so 'n groot risiko as gevolg van droogte twee agtereenvolgende jare in 'n ry nie.

Daar is natuurlik 'n baken van hoop dié seisoen: Vir diegene wat iets geplant het en hul oes suksesvol kan afhaal, sal die uitstekende prys kompenseer vir die verlies in opbrengs! Ons gelykbreepunt kan vanjaar sowat 1,5 t/ha mielies wees, terwyl dit in die verlede byvoorbeeld met verlede jaar se prys, 2,5 t/ha was.

Wanneer die seisoen tot 'n einde kom en ons meer akkuraat kan evalueer wat ons oeste sal wees, indien daar iets is, sal dit belangrik wees om te probeer om 'n mens se somme so gou moontlik te maak om vas te stel hoe ons inkomste sal lyk en wat die tekort kan wees. Kommunikeer betyds met insetverskaffers om hulle op datum te hou en op hoogte te wees van jou eie unieke stel omstandighede. Onthou daar is baie boere in dieselfde bootjie as jy en diensverskaffers ken en verstaan die land-

bouomgewing. Dit is in hul beste belang om boere se besighede aan die gang te hou solank as wat daar redelike hoop is vir die herstel van 'n lewensvatbare besigheid.

Banke en landboukoöperasies is nie boere nie en hulle wil ook nie boer nie – hulle sal nie gretig wees om 'n boer te vervang nie, behalwe onder uiterste omstandighede waar hulle vertroue verloor in die vermoë van die boer om deur moeilike tye te bestuur, of waar dit duidelik is dat daar geen hoop op herstel is nie.

Indien hulle kan sien dat jy as 'n boer planne maak, rekordhouing toepas, matig leef en bereid is om dit wat jy het, terug te waag in die boerdery, is hulle meer geneig om jou situasie positief te sien. Kommunikasie is die sleutel. Bespreek jou posisie, praat met kenners en kry hulle raad vir die pad vorentoe en die belangrikste ook – beding met die politici en jou boereverenigings en verteenwoordigers om politici en besluitnemers ingelig te hou oor hoe droogtehulp jou besigheid totaal kan verander – en ook voedselsekerheid in die land!

### Die boer – die man in die spieël

Kyk goed na jouself. Besluit hoe jy gaan reageer op eksterne omstandighede met jou eie reserwe interne krag en geloof. Probeer om nie te lank stil te sit en niks te doen nie. Probeer om nie te tob oor die negatiewe goed nie. Dinge is wat hulle is! Daar is niks wat ons kan doen om die hittegolf te verander, of om die droogte te stop nie – ons kan nie die reën laat val of gras laat uitspruit nie... Bring elke dag tyd deur in gebed en meditasie om daardie innerlike kalmte en krag te vind. Fokus op wat jy het en op wat jy kan doen.

Is jy nog gesond en sterk met 'n brein wat nog planne kan maak? Het jy nog 'n paar lewendige beeste wat kan vet word? Sal jy nog daarin slaag om iets te oes? Dit sal veel meer werd wees as in 'n normale jaar. Doen dinge wat arbeid vra en nie geld nodig het nie. Hou jou besig en doen dinge wat jy nie normaalweg tyd kry om te doen nie. Ruim die skure en die plaaswerf op. Gaan deur al jou gereedskap;

**“ Die enigste keer wat jy misluk, is wanneer jy val en nie weer opstaan nie.**

gee hulle 'n laag verf. Dit kan ongelooflik terapeuties wees vir 'n mens se siel!

Oorweeg dit om dinge rondom jou huis te doen, herstelwerk en onderhoud waarvoor jou vrou jou al lank vra. Geluk binne die huishouding help en sal maak dat sy meer geneig sal voel om jou deur die moeilike tye te ondersteun. Dink aan klein maniere om 'n bietjie geld te maak wat die kontantvloei situasie sal help – selfs al is dit hoofsaaklik om jou hande besig te hou en jou gedagtes te beset – en natuurlik help elke paar sent!

Die basiese punt is: Moenie te trots wees om fisies hard te werk en jou vennote van jou omstandighede te vertel nie. Doen wat nodig is om jou besigheid te genees en jou familie te voed. Die energie wat jy gebruik, sal jou reeds laat fokus op jou langtermyn doelwit en jou vul met ware passie om te veg in 'n stryd om oorlewing.

Die bekende skrywer Bill Bryson het geskryf: "Daar is net drie dinge wat 'n boer kan doodmaak; weerlig, omgooi van 'n trekker en ouderdom. Wat van jou? Sal jy veg vir wat jy het en sal jy alles in jou vermoë doen om jou plaas te red – of sal wanhoop en apatie die stryd wen? Gaan jy binnenshuis bly met die gordyne toegetrek of sal jy gevind word in jou lande waar jy die bokke en kraaie wegjaag, die laaste greintjie koring beskerm tot oestyd, soos mnr Khumalo en mnr Ndhlovu naby Ntabamhlope hierdie jaar gedoen het? Mag jou pogings vrugbaar wees!"

**Artikel versaf deur Jenny Mathews,  
Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting,  
stuur 'n e-pos na [jenjonmat@gmail.com](mailto:jenjonmat@gmail.com).**

## Pula Imvula se aanhaling van die maand

*'Character cannot be developed in ease and quiet. Only through experience of trial and suffering can the soul be strengthened, ambition inspired, and success achieved.'*

~ Hellen Keller

# Die mees algemene voedingstoftekort simptome by mielies



Mielies wat tekens toon van magnesium tekort.

Deur ons begrip van die mielieplant, sy voedingsbehoeftes en opname te verbeter, het ons 'n beter kans om die grootste voordeel uit ons bemestingsprogramme te trek.

Elke verskillende voedingstof het 'n belangrike invloed op gewasvoeding en dit is belangrik om 'n korrekte balans tussen makrovoedingstowwe en mikrovoedingstowwe vir mielies te vind. Voedingstowwe in die grond


word opgeneem deur die wortels van die plant, waarna hulle getransloek word binne die plant om die stingels en blare te bereik. 'n Afname in die beskikbaarheid van water in die grond, verminder die beweging van die voedingstowwe en wanneer dit gebeur, word plantgroei in die wiele gery.

## Stikstof (N)

Plante wat ly aan 'n tekort aan stikstof is geneig om vertraagde of yl groei te toon. Die blare ver-

ander na liggroen. Die oudste blare wys 'n geel verkleuring en nekrose (selweefsel wat afsterf) begin by die punt van die blaar. Lae of hoë pH gronde maak die probleem nog erger as sandiger en ligte grond, omdat logging plaasvind deurdat voedingstowwe te maklik deur die grond weg dreineer. Dit kan óf veroorsaak word deur swaar besproeiingspraktyke, of hoë reënval.

Stikstof is van kritieke belang vir die groen kleur van die mielieplant en dra by tot aansienlike opbrengstoename en beter graankwaliteit.

**Bestuur die grond pH.**

'n Mielieplant vereis beide stikstof en fosfaat kort na ontkieming, om die groei van stingels, blare en koppe te stimuleer. Die meerderheid stikstof is egter nodig gedurende die tydperk van maksimum groei, wat die maand voor pluimvorming is.

**Fosfor (P)**

Jong plante wat ly aan 'n tekort aan fosfor is verpot en dun met donkergroen blare. Blaarrande, are en stingels toon pers tekens wat selfs kan versprei oor die hele blaaroppervlak. Hierdie rooierige verkleuring is gewoonlik sigbaar hoofsaaklik in die jong stadium van die plantlewe.

Suur en baie alkaliese gronde vererger die planttoestand, net soos koue en nat toestande. Gewasse met swak ontwikkelde wortelstelsels sukkel sonder genoeg fosfaat en daarom is dit baie belangrik om die vlakke reg te kry om goeie vroeë plantontwikkeling te verseker wat sal bydra tot eweredige volwassewording en graanverliese tydens oes sal verminder.

**Kalium (K)**

Die koppe van plante wat reeds 'n tekort aan kalium het, is merkbaar verklein of gepunt en die graan op die koppe sal swak gevul wees. Die probleem word vererger deur suur gronde en sanderige en lichte gronde wat baie vinnig en maklik loog. Droogtoestande en hoë reënval of swaar besproeiing is ewe problematies wanneer die kalium balans nie korrek is nie. Kalium is belangrik vir gesonde, groen blare en verseker optimale wortelgroei, om sodoende by te dra tot verhoogde opbrengste.

**Magnesium (Mg)**

Simptome van magnesium tekort by die mielieplant word gesien in die blare wat rooi en pers tinte en 'n gestreepte voorkoms toon. Dit gebeur dikwels na lang periodes van koue en nat weer en in gronde wat te suur of sanderig is. Magnesium dra by tot gesonde ontwikkeling van plante vroeg in die seisoen en verbeter opbrengs. Dit kan ook help met die verouderingsproses van die plant en die oesdatum vervroeg.

**Kalsium (Ca)**

Tekorte aan kalsium word duidelik vroeg in die groeiseisoen en word gesien op jong blare wat 'n ligtegroen kleur, of wit kolle of gestreepte letselsoone toon, en kan selfs agteroor buig. Kalsium is belangrik vir gesonde blare en dra by tot beter kwaliteit graan en verhoogde opbrengste.

**Swael (S)**

Die mielieplant sal verpot lyk met 'n regop voorkoms, wanneer daar 'n swaeltekort is. Dit word erger in suurgronde, asook ligte, sanderige grond waar logging 'n probleem is. Dit word

**Word die korrekte kunsmis volgens die aanbevelings toegedien om te verseker dat die korrekte toedieningshoeveelhede, metodes en tydsberekening van toediening gebruik word.**



ook vererger deur gronde met lae vlakke van organiese materiaal, of indien die grond swak deurlug of versuip is. Swael dra by tot groen blare en gesonde groei van die mielieplant en dra by tot doeltreffende opname van stikstof deur die gewas.

**Boor (B)**

Plante met 'n tekort aan boor toon vertraagde groei en óf geel of wit kolle wat ontwikkel op die blare met bruin, wasagtige, opgehewe strepe soos die effek van die tekort ontwikkel. Dit is erger in sanderige en alkalise gronde en ook by gronde met min organiese materiaal. Dit sal ook gebeur wanneer daar te hoë vlakke van stikstof of kalsium is. Droogtetye vererger ook die probleem. Boor is veral belangrik vir kop en pitontwikkeling.

**Sink (Zn)**

Sinktekorte word gesien by die blare van die mielieplant wat liggeel sones het, wat begin by die basis van die blare en beweeg teen die kante van die hoofaar terwyl die blaarrand, punt en die hoofaar groen bly. Daar kan 'n tikkie rooi op blaarrande wees en op die stamme van die plant. Hierdie simptome wys algemeen op ouer blare, groei tussen nodes neem af en gee die plant 'n vertraagde of verdwergde voorkoms. Sink is belangrik vir goeie ontwikkeling van plante vroeg in die seisoen en help opbrengs verbeter, asook veroudering van die plant versnel om die oesdatum te vervroeg.

Dit is duidelik dat mikrovoedingstowwe 'n baie belangrike rol speel in die lewensiklus van 'n mielieplant, daarom is dit vir elke boer belangrik om gereeld grondmonsters te neem vir ontleding, indien hy top potensiële oeste wil behaal. Op grond van die inligting wat dan ontvang word, word die korrekte kunsmis volgens die aanbevelings toegedien om te verseker dat die korrekte toedieningshoeveelhede, metodes en tydsberekening van toediening gebruik word.



Mielies wat tekens toon van kalium tekort.

**Artikel verskaf deur Gavin Mathews,  
Baccalaureus in Omgewingsbestuur.  
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na  
gavmat@gmail.com.**

# Verken en beheer onkruid voor en na plant

Onkruid kompeteer met plante vir vog, lig en voedingstowwe gedurende die braak, of tussentydse tydperk tussen gewasse en gedurende die groeiseisoen. Onkruid dien ook as alternatiewe gasheer vir verskeie insekte en siekte. Dit is belangrik om te leer watter onkruid vinnig sal groei en 'n groot invloed op die potensiële beplande oesopbrengs sal hê.

Om in staat te wees om die impak wat onkruid op gewasse kan hê te evalueer, moet die boer 'n gedetailleerde evaluering hê van die tipes onkruid wat teenwoordig is in 'n bepaalde gewas verbouingstelsel. Dit kan bereik word deur die implementering van 'n geïntegreerde

plaag- en onkruidbeheer program. Verkenning word gedefinieer as 'n proses van verkenning om inligting te kry. In hierdie geval sal inligting wat versamel word met betrekking tot die spesifieke onkruidprobleme op jou plaas, jou in staat stel om 'n toepaslike onkruidbeheer program te ontwikkel en te implementeer.

## Verkenning vir onkruid

Dit word sterk aanbeveel dat boere en agente of konsultante, 'n kopie aankoop van die Algemene Onkruide in Gewasse en Tuine, 2de Uitgawe, wat beskikbaar is by die LNR Gewasinstiutuut. (ISBN-13 978-1-86849-399-9). Elke tipe onkruid word goed gedokumenteer met foto's van die

saad, vroeë saadgroei en volwasse plante en is 'n noodsaaklike instrument vir die identifisering van sade, sodat duidelike identifikasie en kommunikasie gemaak kan word tussen die boer en die verskaffers van onkruiddoders en verskeie mengsels met betrekking tot die omvang van die probleem en die betrokke chemiese beheer van die spesifieke onkruidprobleem in jou gewasse.

Doeltreffende onkruidbeheer verkenning vereis 'n deeglike kennis van spesifieke onkruid en gewasbiologie, onkruid identifikasie en groei-gewoontes, korrekte steekproef metodes en 'n ekonomiese evaluering van die besmettingsvlakte impak op 'n bepaalde gewas wat die koste van meganiese of chemiese beheer sal regverdig.



Verkenning en onkruidbeheer na plant.



*Onkruidbeheer voor plant.*

**Om in staat te wees om die impak wat onkruid op gewasse kan hê te evalueer, moet die boer 'n gedetailleerde evaluering hê van die tipes onkruid wat teenwoordig is in 'n bepaalde gewas verbouingstsel.**

### Metode

Verkenning vir peste of onkruid word gewoonlik gedoen deur te loop deur die land in 'n sugsag of M-patroon en die beoordeling en die tel van die verskillende onkruide wat gevind word in 'n vierkante meter staalvierkant wat op die grond geplaas word, byvoorbeeld elke 50 of 100 meter. Die idee is om 'n onwillekeurige, maar verteenwoordigende beeld van die intensiteit en voorkoms van die probleemonkruid te skep. Die verkenning en monitering moet plaasvind in die tydperk tussen gewasse, voor plant en by mieleproduksie op die 4e tot 5e blaarstadium, op 'n stadium wat eenjarige gras en breëblaar onkruid minder as 38 mm lank is.

Indien kaarte van die lande gegenereer kan word, kan die werklike plek van die toetsareas óf deur visuele skatting, of die gebruik van 'n GPS-stelsel vir toekomstige verwysings gemerk word.

Onthou dat onkruide op die rand van 'n land nie die populasie van onkruid in die land verteenwoordig nie. Neem noukeurig en objektief monsters en neem die grootte van die land in ag wanneer jy moet besluit op die aantal punte waar meetings geneem moet word. 'n

Reël sou wees om elke 25 hektaar afsonderlik te doen.

Onkruidbesmetting en individuele onkruidpopulasies kan breedweg geklassifiseer word in vier klasse, naamlik:

- **Verspreid:** Onkruid is teenwoordig, maar baie min plante op die land.
  - **Ligte onkruid:** Onkruid is versprei oor die land. 'n Gemiddeld van nie meer nie as een onkruid plant per meter per ry. Ekonomiese verlies is onwaarskynlik, maar moontlik in sekere areas.
  - **Matig:** Taamlike eenvormige konsentrasie van onkruid in die land met gemiddelde konsentrasies van nie meer as een plant per 30 cm nie. Ekonomiese verlies waarskynlik, tensy beheermaatreëls geneem word.
  - **Ernstig:** Meer as een onkruid plant per 30 cm per ry vir breëblaar onkruide, drie onkruidplante per 30 cm vir grasse, of groot dele met swaar besmetting. Definitiewe ekonomiese verlies, tensy onkruidbeheer toegepas word.
- Daar is so baie sputiprogramme wat beskikbaar is vir geneties gemodifiseerde en gewone gewasse wat toegedien kan word voor plant, met plant en na plant. Hou in gedagte dat die korrekte sputiprocedures ook gebruik moet word by 'n geen-bewerking stelsel, of 'n konvensionele gewasproduksiestelsel. Raadpleeg altyd jou onkruiddoderverskaffer of agent voordat jy enige program volg.

Dit is belangrik om in staat te wees om 'n potensieel slegte infeksie betyds te beheer, óf voor plant, óf na plant om groot ekonomiese verlies te voorkom.

### Rekords

Hoewel dit moontlik is om jaar vir jaar *ad hoc* evaluering van spesifieke onkruidprobleme te

hou vir beheer, sal 'n skriftelike analise oor 'n paar seisoene van waarde wees. Hou rekords van elke land op jou plaas en die verskillende gewasse wat verbou word en teken die onkruidevalueringsdata aan, sodat jy en jou onkruiddoder verskaffer aanhoudende onkruidprobleme kan identifiseer en die belangrikste is om so gou as moontlik enige moontlike onkruidtipes wat besig is om weerstand teen 'n spesifieke chemiese program te bied, op te tel.

Die rekords moet ten minste die volgende inligting bevat, wat insluit, evalueringstydperk voor of na plant, landligging, verbouingsgeskiedenis, oesopbrengste, plaaggodders, onkruiddoders wat gebruik is, grondtipe, grondontledingsrekords, belangrike plaag en onkruidprobleme, asook die suksesgradering van bepaalde onkruiddoders wat gebruik is.

### Gevolgtrekking

Omdat die gebruik van onkruiddoders 'n duur oefening is wanneer al die koste van elke toediening in ag geneem word, is dit belangrik om die probleem akkuraat en betyds te evalueer. Die toenemende probleem van weerstand teen onkruiddoders moet in gedagte gehou word. Bestudeer die wêreldtendens deur boere wat teruggaan na meganiese onkruidbeheer, tesame met die optimale aanwending van chemikalië om die totale koste van onkruidbeheer te verminder, maar binne die konteks van die verwesenliking van winsgewende opbrengste op jou plaas.

**Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.**

# Jou toerusting is net so goed as wat jy dit in stand hou

Landbou is 'n baie progressiewe bedryf met veranderinge wat op 'n jaar tot jaar grondslag plaasvind. Tegnologie verander, toerusting verander, teorieë en metodologie verander en een wat ons meer en meer opmerk, is klimaatsverandering.

As boere kan dit voel asof ons voortdurend nodig het om "aan te pas of te sterf" en dit is waar. Boerdery gaan alles oor produksie; ons moet soveel as moontlik produseer op so min grond as moontlik teen die minste koste moontlik, ten einde ons boeke te balanseer aan die einde van die seisoen. Daarom, om in die landboubedryf te bly, moet ons op hoogte bly met moderne metodes en tegnieke.

Die plantoperasie is een wat waarskynlik meer gevorder het as enige ander faset van boerdery oor die laaste dekade.

Kom ons kyk byvoorbeeld na koringproduksie; in die verlede was dit algemene praktyk om koring te plant deur die verspreiding van die saad met 'n kunsmisstrooier, gevvolg deur 'n roller om die saad in die grond te kompakteer. Hierdie metode het gewerk, maar daar was baie probleme ook daarmee. Kalibrasie was 'n raaispeletjie en saad was baie onreëlmagtig gesaai, wat spasies en gapings gelaat het waar onkruid gefloreer het.

Ons het toe gevorder tot die gebruik van 'n kleingraanplanter; dit is nog steeds algemeen

in gebruik vandag, maar met beter gevorderde tegnologie, insluitend saadmonitors, verbeterde ingenieursvernuf, beter kunsmistoediening en groter masjinerie.

Die mees gevorderde koringboere vandag, gebruik groot planters om hul oeste te plant. 'n Lugdrukplanter werk met 'n groot vakuum wat die saad in afvoerpype blaas wat elkeen lei na 'n individuele plantereenhed vir penetrasie in die grond. Hierdie planters is uiterst akkuraat en help boere om uitstekende saadtoediening te hê, wat goeie gewasbedekking gee en dus lei tot verhoogde produksie.

Deur moderne masjinerie te hê, is 'n stap in die regte rigting vir die bereiking van top kommersiële graanproduksie, maar as jy nie weet hoe om die masjinerie korrek te gebruik of in stand te hou nie, sal jou groot belegging nooit vrugte afwerp nie.

Ongelukkig aanvaar baie boere dat masjinerie en toerusting vir ewig sal duur. Dit sal nooit die geval wees nie, omdat alles onderworpe is aan slytasie en benodig daarom goeie sorg. 'n Planter byvoorbeeld, is een van die mees waardevolle en belangrikste tipe toerusting in jou besigheid. Dit het ook die meeste bewegende dele, roterende koppelings, laers en kettings as enige ander masjien, wat die rede is waarom dit die meeste sorg en onderhoud benodig.

*Die plantoperasie is een wat waarskynlik meer gevorder het as enige ander faset van boerdery oor die laaste dekade.*

## Versorging van die planter

Kom ons kyk na die korrekte sorg vir ons planter voor planttyd begin. Die sleutelwoord hier is "voor" planttyd.

- Maak seker dat alle bewegende dele vrylik roteer en draai met geen weerstand nie. As iets styf is of onder druk is, maak dit los om die probleem te vind. Sodra jy die probleem onderdeel gevind het, vervang dit met 'n nuwe een en sit weer reg terug.
- Kontroleer die spanning op al jou kettings. Maak seker dat 'n ketting nie te styf is nie, omdat dit kan breek of afspring van die rat. Maak ook seker dat dit nie te los is nie, omdat dit mag glip oor die tande van die rat en geen effek sal hê nie. Dit is belangrik dat alle kettings goed geolie en gesmeer is voordat die land ingegaan word. Gebruik olie om kettings te smeer en nie ghries nie, omdat grond vasklou aan ghries en kan veroorsaak dat die ketting vasbrand.
- Identifiseer al die ghriespunte op die planter en maak seker dat jy elkeen goed ghries. Dit kan elke oggend herhaal word tydens planttyd.
- Kontroleer die banddruk op die wiele.
- Maak seker dat die vakuum sterk suig of blaas met geen krake op die pyplyne nie.
- Maak seker dat jy die korrekte plantplate op die masjien gesit het.
- Ten slotte, maak dubbel seker dat jou saad en kunsmiskalibrasie korrek is, om seker te wees dat jy akkuraat sal plant.

Ek glo dat boerderytoerusting net so goed is as wat die eienaar dit onderhou en versorg. Dit kan al die toebehore van moderne planttegnologie aan boord hê, maar as dit nie goed onderhou word nie, is daar 'n goeie kans dat dit vinnig op pad na die skrootwerf is. ☺



Verseker dat alle bewegende dele vrylik draai en roteer met geen weerstand nie.

**Artikel verskaf deur Gavin Mathews,  
Baccalaureus in Omgewingsbestuur.  
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na  
gavmat@gmail.com.**

# Hoe kies jy die regte een uit koringkultivars



*Die keuse van die korrekte kultivar vir jou plaas kan jou opbrengs optimaliseer.*

**H**ierdie artikel beklemtoon die keuse van 'n gesikte koringkultivar as deel van die algemene bestuur van die koringoes in 'n volhoubare wisselboustelsel.

Die belangrikste oorweging by koring is om die mededingendheid en winsgewendheid van produksie te verhoog en dit kan slegs bereik word deur die maksimering van die opbrengspotensiaal van die gewas/grond/klimaatkombinasie, terwyl insetkoste streng bestuur word.

## Kultivarkeuse

Kultivarkeuse is 'n belangrike produksiebesluit en kan bydra tot die vermindering van risiko en die optimalisering van opbrengs. Die volgende riglyne moet in ag geneem word wanneer jy moet besluit op 'n kultivarkeuse:

- Identifiseer die spesifieke **produksie-area** waar koring geplant gaan word, aangesien dit die aanpasbaarheid en siekteprofiel van gesikte koringkultivars sal bepaal. 'n Lys van broodkoring kultivars wat vir kommersiële doel-eindes beskikbaar is, word jaarliks gepubliseer en word verdeel in drie kategorieë: Kultivars vir droëlandproduksie in die noorde, die suidelike produksie area en die area onder besproeiing.
- Bepaal die **sub-streek** waar produksie moet plaasvind. Die daglengte en kouebehoefte beheer die groeiperiode en kultivars moet aangepas word by klimaatstoestande soos groeiseisoen lengte, reënvalpatroon en temperatuur gedurende die groeiseisoen, grondwater beskikbaarheid tydens plant en die eerste en laaste ryptemperature. Die evaluering van kultivars met verloop van tyd word weer-spieël in die aanbevole optimum plantydspek-trum vir elke kultivar. Benut hierdie optimum **plantydspektrum** in 'n gebied om produksierisiko's soos droogte, siektevoorkoms en beperkinge op gewasrotasie te verminder.
- Kultivars kan aangepas word by **spesifieke opbrengspotensiaal** voorwaardes, hoewel die genetiese opbrengspotensiaal van die beskikbare kultivars hoër is as die huidige opbrengs wat gerealiseer word onder kommersiële toestande. Hierdie verskille in opbrengs is die gevolg van klimaatstoestande en produksiotoestande, gewasbestuur besluite, siekte, insekte en onkruiddruk. Die ideale kultivar sal die hoogste opbrengs lewer onder alle potensialtoestande, wat uitstekende aanpasbaarheid aandui.
- By die keuse van die korrekte kultivar om te produseer in 'n spesifieke streek, is dit dus belangrik om **agronomiese eienskappe** in



*Kultivarkeuse is 'n belangrike produksiebesluit en kan bydra tot die vermindering van risiko en die optimalisering van opbrengs.*

ag te neem (omval, uitval van pitte en aluminiumtoleransie), siektelevatbaarheid (roes en Fusariumvrot) en Russiese-koringluis weerstand van kultivars waarvan toepassing.

- **Gradering en gehalte** van broodkoring bestaan uit vier grade wat bepaal word deur die proteïeninhoud, skepelgewig en die valgetal van die graan. Hektoliter massa en veral proteïeninhoud word beïnvloed deur die omgewing, grondwater en kunsmisbestuur tydens die graanvullingstydperk tot volwas-senheid.

*Alle broodkoring kultivars wat vrygestel word vir produksie, kwalifiseer vir alle grade, afhangende van die proteïeninhoud, skepelgewig en valgetal.*

## Gevolgtrekking

Ter afsluiting:

- Plant 'n aantal **kultivars** met hoë opbrengspotensiaal en relevante siekte en insekteweerstand.
- Hersien **kultivarkeuse** jaarliks om aan te pas by veranderende omstandighede en om nuwe kultivars te oorweeg.
- Gebruik **bykomende inligting/riglyne** met betrekking tot kultivareienskappe, langtermynopbrengs data en relatiewe opbrengste wat beskikbaar is vir die boer.
- Kies die optimale **planttyd** vir die gekose kultivar, gebruik hoë gehalte behandelde saad teen die aanbevole saaidigtheid om optimale opkoms en saailing vestiging te verseker. Wees bewus van die koleoptielengte van 'n kultivar wanneer plantdiepte verhoog word in 'n droë saadbed.
- Volg 'n effektiewe **sputiprogram** vir die beheer van onkruid, insekte en siektes gedurende die groeiseisoen en bemes volgens opbrengspotensiaal.
- **Tydige oes** van die gewas en na-oes stoor kan 'n impak hê op optimale opbrengs en graangehalte en op prys per ton ontvang.

**Artikel verskaf deur Dr. Willem Otto:  
Bemarking, Sensako. Vir meer  
inligting, stuur 'n e-pos na  
willem.otto@sensako.co.za.**



# Graan SA gesels met...

## Thomas Ncongwane

Jerry Mthombothi, ons Nelspruit Ontwikkelingskoördineerde, het onlangs tyd saam met Thomas Ncongwane op sy plaas in die distrik Gert Sibande in die Mpumalanga Provinsie, deurgebring. Die 46 jarige boer neem boerdery ernstig op en boer tans met mielies en groente.

### Waar en op hoeveel hektaar boer jy? Waarmee boer jy?

Ek boer op Brandyball op die pad na Kromdraai in die Gert Sibande Distrik van Mpumalanga. Ek boer op 10 hektaar bewerkbare grond. Hierdie jaar het ek ses hektaar mielies geplant. Ek boer ook met groente op twee hektaar en hierdie jaar het ek tamaties, kool, spinasie en beet geplant.

### Wat motiveer/inspireer jou?

Ek het grootgeword met boerdery, omdat my ouers boere was wat met beide vee en kontantgewasse geboer het. Lets wat my inspireer om te boer, is dat ons nou onkruiddoders gebruik om onkruid te beheer, in plaas daarvan om hulle met handskoffels te verwyder soos in die ou dae.

### Beskryf jou sterk- en swakpunte

**Sterkpunte:** Ek besit 50 koeie wat ek verkoop teen ongeveer R5 000 per koei. Ek besit 150 bokke en verkoop dit teen R1 200 elk.

Daar is 'n dam op die punt van die berg en ek kan dus sprinkelbesproeiing gebruik. Produkte word direk van my plaas af verkoop en in Januarie 2015 het ek Eragrostis Cuvula op 1,5 hektaar geplant vir my koeie om op te wei gedurende die winter.

**Swakpunte:** Ek het nie 'n sterk mark vir die verkoop van my groente nie en soms wanneer my produkte nie verkoop nie, word ek gedwing om dit te oes en aan my vee te voer. Ek het ook nie my eie boerderytoerusting soos 'n trekker, ploë en ander toerusting nie.

### Wat was jou oesopbrengs toe jy begin boer het? Wat is jou onderskeie opbrengste nou?

Toekomstige boer het, het ek 2 ton mielies per hektaar geoes en nou kry ek tussen 10 ton en 12 ton per hektaar. Met my spinasie het ek tussen R2 000 tot R3 000 per oes verdien, maar nou verdien ek meer as R30 000 per oes. Met tamaties het ek R1 500 verdien en nou verdien ek R20 000 per oes.

### Wat dink jy was die grootste bydraer tot jou vordering en sukses?

Sedert ek by Graan SA in 2013 aangesluit het, het ek baie goeie kennis versamel, veral oor die veilige gebruik van chemikalië en kalibra-

sie van die rugsakspuit vir toediening van onkruiddoders en insekdoders. Ek het ook kennis opgedoen oor die kalibrasie van 'n planter vir kunsmistoediening en die plant van korrekte plantpopulasie. Ek het ook 'n paar kursusse bygewoon wat georganiseer was deur die Departement van Landbou in die Mpumalanga Provinsie.

### Watter opleiding het jy tot op datum ontvang en watter opleiding sou jy nog wou doen?

Ek het werkswinkels, boeredae en kursusse georganiseer deur beide Graan SA en die Departement van Landbou bygewoon. By Graan SA het ek die Inleiding tot Mielieproduksie en Trekkerinstandhouding-kursusse bygewoon. By die Departement van Landbou het ek die Groenteproduksiekursus bygewoon. Ek sou nog graag opleiding oor Finansiële Bestuur wou ontvang.

### Waar sien jy jouself oor vyf jaar? Wat sou jy graag nog wou bereik?

Oor vyf jaar wil ek 'n plaas met sy eie boerdery-toerusting soos trekkers en implemente besit en ek wil ander boere help om hul bewerkbare grond te ploeg. Ek wil graag meer mense in diens neem om werkgeleenthede te skep en ek wil ook graag 'n direkte mark hê om my produkte te verkoop en om seker te maak dat ek goeie gehalte produkte produseer.

### Watter raad het jy vir jong aspirantboere?

Ek wil vir jong aspirantboere sê dat hulle boerdery ernstig moet opneem en korrekte produksieprakteke moet volg. Deesdae is dit maklik om te boer, want ons boer met masjinerie soos planters en ons gebruik 'n rugsakspuit of onkruidspuit om onkruiddoders en insekdoders op ons gewasse te bespuit sodat ons goeie gehalte produkte kan produseer. Dit is nie soos in die ou dae toe ons met die hand moes plant en onkruid met handskoffels moes verwyder nie. Daar is geld in boerdery, 'n mens moet net geduldig wees en alles volgens die reëls doen.

**Artikel verskat deur Jerry Mthombothi,  
Ontwikkelingskoördineerde van die  
Graan SA Ontwikkelingsprogram vir  
Boere. Vir meer inligting, stuur 'n  
e-pos na [jerry@grainsa.co.za](mailto:jerry@grainsa.co.za).**

# 'n Goeie reputasie is meer wêrd as geld



**Jy moet weet wat in jou besigheidsplan is en dit ten volle verstaan – verstaan hoe die syfers werk en wat die potensiaal is.**

**E**ffektiewe bestuur van 'n boerdery van-dag vereis dat rekords gehou word, sodat bestuurders ingelige besluite oor die winsgewendheid van hul plase kan maak. Selfs belangriker deesdae is dat die meeste boere lenings van een of ander vorm benodig om hul besighede te bedryf.

Die meeste uitleen instellings vereis 'n gedetailleerde sakeplan en persoonlike inligting oor alles wat die boer besit, asook die status van enige van hul langtermyn en onbetaalde lenings. Hulle sal waarskynlik ook 'n geskiedenis in die vorm van produksieprestasie ge skiedenis, asook toekomstige scenario's, insluitend plaasproduksie, bemarking en verkope voorspellings vereis. Dit kan alles baie oorweldigend lyk vir die beginnerboer, maar in werkelikhed word 'n bietjie kennis en baie dis-

sipline vereis en dan is dit die neem van een tree op 'n slag terwyl 'n mens leer om te onderhandel en verhoudings met die beduidende rolspelers in jou boerderyomgewing te bou!

Onthou altyd dat enige reputasie – of dit nou 'n goeie een of 'n slechte een is – geskep word deur dinge voortdurend en konsekwent op 'n sekere manier te doen. Goeie dinge gee jou 'n goeie reputasie, slechte dinge gee jou 'n slechte reputasie en ongelukkig is dit baie waar wat Benjamin Franklin een keer gesê het: "Dit neem baie goeie dade om 'n goeie reputasie op te bou en net een slechte daad om dit te verloor!" Meer onlangs het Warren Buffet gesê: "Dit neem 20 jaar om 'n reputasie te bou en vyf minute om dit te ruïneer!"

Wanneer ons na 'n bank of ander kredietverskaffer gaan om te probeer om krediet te bekom, sal hulle kyk na jou reputasie in die vorm

van jou rekord en geskiedenis. As jy reeds vir tien jaar boer, moet jy een of ander vorm van geskiedenis hê wat jou tien jaar ondervinding beskryf en 'n prentjie van jou besigheid bied. As jy 'n beginnerboer is, moet jy baie bewus wees daarvan dat jy inderdaad besig is met 'n reis, wat beteken dat jy besig is om 'n reputasie op te bou. John Rockefeller het gesê: "Die belangrikste ding vir 'n jong man is om krediet op te bou... 'n reputasie... 'n karakter".

Elke besigheid waarmee ons as boere interaksie het op hierdie reis, het die potensiaal om te help bou (of af te breek) aan ons reputasie, afhangende van die manier waarop ons onsself aanbied om sake te doen. Is ons eerlik? Doen ons wat ons sê ons gaan doen? Het ons betaal wanneer ons gesê het ons gaan betaal? As hulle ons help, respekteer ons hulle vertroue en gee hulle rede om ons weer te help in die toekoms?

## Redaksie

### GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324  
 Collinsstraat 7, Arboretum  
 Bloemfontein  
 ▶ 08600 47246  
 ▶ Faks: 051 430 7574 ▶ [www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za)

### HOOFRDAKTEUR

#### Jane McPherson

▶ 082 854 7171 ▶ [jane@grainsa.co.za](mailto:jane@grainsa.co.za)

### REDAKTEUR & VERSPREIDING

#### Liana Stroebel

▶ 084 264 1422 ▶ [liana@grainsa.co.za](mailto:liana@grainsa.co.za)

### ONTWERP, UITLEG EN DRUK

#### Infoworks

▶ 018 468 2716 ▶ [www.infoworks.biz](http://www.infoworks.biz)



### PULA IMVULA IS BESIKBAAR IN DIE VOLGELDE TALE:

#### Afrikaans,

Engels, Tswana, Sesotho,  
 Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

### Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

### ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

#### Danie van den Berg

Vrystaat (Bloemfontein)  
 ▶ 071 675 5497 ▶ [danie@grainsa.co.za](mailto:danie@grainsa.co.za)

#### Johan Kriel

Vrystaat (Ladybrand)  
 ▶ 079 497 4294 ▶ [johank@grainsa.co.za](mailto:johank@grainsa.co.za)  
 ▶ Kantoor: 051 924 1099 ▶ Dimakatso Nyambose

#### Jerry Mthombothi

Mpumalanga (Nelspruit)  
 ▶ 084 604 0549 ▶ [jerry@grainsa.co.za](mailto:jerry@grainsa.co.za)  
 ▶ Kantoor: 013 755 4575 ▶ Nonhlanhla Sithole

#### Jurie Mentz

Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)  
 ▶ 082 354 5749 ▶ [jurie@grainsa.co.za](mailto:jurie@grainsa.co.za)  
 ▶ Kantoor: 034 907 5040 ▶ Sydwell Nkosi

#### Graeme Engelbrecht

KwaZulu-Natal (Louwsburg)  
 ▶ 084 582 1697 ▶ [graeme@grainsa.co.za](mailto:graeme@grainsa.co.za)  
 ▶ Kantoor: 034 907 5040 ▶ Sydwell Nkosi

#### Ian Househam

Oos-Kaap (Kokstad)  
 ▶ 078 791 1004 ▶ [ian@grainsa.co.za](mailto:ian@grainsa.co.za)  
 ▶ Kantoor: 039 727 5749 ▶ Luthando Diko

#### Liana Stroebel

Wes-Kaap (Paarl)  
 ▶ 084 264 1422 ▶ [liana@grainsa.co.za](mailto:liana@grainsa.co.za)  
 ▶ Kantoor: 012 816 8057 ▶ Hailey Ehrenreich

#### Du Toit van der Westhuizen

Noordwes (Lichtenburg)  
 ▶ 082 877 6749 ▶ [dutoit@grainsa.co.za](mailto:dutoit@grainsa.co.za)  
 ▶ Kantoor: 012 816 8038 ▶ Lebo Mogatlanyane

#### Julius Motsoeneng

Noordwes (Taung)  
 ▶ 072 182 7889 ▶ [julius@grainsa.co.za](mailto:julius@grainsa.co.za)

**Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywer en nie van Graan SA nie.**

# 'n Goeie reputasie is meer wert as geld

Gewoonlik is die eerste voorvereiste vir die leen van geld een of ander vorm van sekuriteit. Die hoeveelheid en tipe sekuriteit wissel en hang af van die bedrag van die geld wat geleent word. Deesdae kan toegang tot grond voldoende wees, maar dit is nie altyd nodig om grond te besit om te kwalifiseer vir 'n lening nie. Al hoe meer instellings is bereid om te kyk na die kredietgeschiedenis en reputasie van die "besighedsoperator", of boer – dit is net so belangrik soos die fisiese bates wat hy besit. As 'n mens 'n goeie kredietgeschiedenis het en gesien word as 'n lae risiko kandidaat, het jy 'n veel beter kans op toegang tot krediet as iemand wat grond besit, maar 'n reputasie het as iemand wat nie kan beplan, begroot of goed met geld kan werk nie – of wat nie betroubaar oor die terugbetaling van skuld is nie.

Wanneer jy probeer om krediet te bekom sonder enige vorm van kredietgeschiedenis, is die eerste indruk wat jy maak, baie belangrik. Jy moet aan die kredietverskaffer benadruk dat jy goed beplan en weet waarvan jy praat.

Dit beteken KEN jou besigheid. Doe'n volledige SWOT-analise van al die sterkpunte (S), swakpunte (W), geleenthede (O) en bedreigings (T) in jou sakeomgewing. Moet nie eers dink daaraan om te vra vir krediet sonder 'n gesonde sakebeginselsvoorstel of plan nie. Jy moet weet wat in jou besigheidsplan is en dit ten volle verstaan – verstaan hoe die syfers werk en wat die potensiaal is. Moenie die algemene fout maak om iemand anders te vra om jou besigheidsplan vir jou te skryf sonder om seker te maak dat wat hulle sê akkuraat en haalbaar is nie.

'n Besigheidsplan is nie net om die vertroue van 'n finansierder te wen nie, maar is ook 'n hulpmiddel vir jouself om 'n raamwerk van jou besigheid te definieer en die stel van doelwitte en maatstawwe. 'n Besigheidsplan is ook nooit absoluut vas nie – dit ontwikkel met verloop van tyd soos jy dit bestuur en reageer op die sake-omgewing.

Nog 'n belangrike instrument in jou "gereddeskapskis" is 'n versameling van nuttige verwysings en getuigskrifte. Dit is nuttig vir enige CV, maar te dikwels maak mense die fout om 'n getuigskrif van hul skooldae te bêre en te dink dat dit al is wat nodig is. Getuigskrifte, verwysings en sertifikate van kort kursusse moet bymekaar gemaak word waar jy ook al die geleentheid kry om saam met iemand te werk, of te leer van hulle. 'n CV is 'n "lewende dokument" – dit is ook nie vas nie en moet elke jaar verander, met elke nuwe werk of leerervaring. (Leer jou kinders dit ook!)

**Geskiedenisreksodoen en  
potensiaal is die twee dinge  
wat die meeste tel wanneer jy  
aansoek doen vir finansiering!**

As 'n sakeman op soek na kredietfasiliteite en lenings, benodig jy verwysings van ander mense of maatskappye waar jy reeds bevredigende besigheid gedoen het; 'n mentor wat jou 'n goeie karakterverwysing sal gee en 'n verwysing van 'n ander gerespekteerde lid van die gemeenskap.

It is ook belangrik dat jy jouself verteenwoordig as 'n professionele persoon. Jy moet gesien word as georganiseerd en doeltreffend. Wys dat jy nie net goed voorbereid is nie, maar ook entoesiasties is en in jouself glo. Onthou dat jy hulle moet oortuig dat jy 'n goeie persoon is om op te "waag", dit wil sê iemand wat waarskynlik 'n sukses van die besigheid kan maak.

Jy moet ook beplan om teenwoordigheid te behou waar jy suksesvol is en gefinansier word. Wees 'n goeie kommunikeerder en hou jouself in hulle gedagtes – selfs wanneer jy te doen het met 'n instelling, vind 'n individu daar met wie jy goed kan kommunikeer en bou 'n goeie verhouding.

Moenie skielik stil raak as toestande swak uitdraai en jy uitdagings en teleurstellings het nie. Bly in kommunikasie dwarsdeur die slegte tye, soek kundige advies, bespreek gebeurlikheidsplanne, hou hulle op hoogte van die ontwikkelinge, of dit nou goed of sleg is. Indien toestande buite jou beheer is, byvoorbeeld die droogte wat sommige boere ervaar het die afgelope tyd, sal hulle dikwels meer begrip toon as wat jy sou verwag, want hulle het ook hul vinger op die pols van die landbou-omgewing en vooruitsigte en sal dikwels bereid wees om te help en die boer te akkommodeer. MAAR...as jy stil is en skynbaar verdwyn, sal hulle outomaties verdag word en wonder wat gebeur het!

Reputasie tel, MAAR **"Jy kan nie net 'n reputasie bou op wat jy gaan doen nie!"** (Henry Ford). Onthou net dat te alle tye en in al jou handelinge, moet jy aanhou om gedetailleerde rekords te hou en gesonde verhoudings te bou. Geschiedenisreksodoen en potensiaal is die twee dinge wat die meeste tel wanneer jy aansoek doen vir finansiering!

**Artikel verskaf deur Jenny Mathews,  
Pula Imvula medewerker. Vir  
meer inligting, stuur 'n e-pos  
na [jenjonmat@gmail.com](mailto:jenjonmat@gmail.com).**

